

# DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 5

[BYBEL]

## 'N METODE VIR BYBELMEDITASIE EN MEMORISASIE

### A. MOTIVERING OM BYBELVERSE TE MEMORISEER

1. Gememoriseerde Bybelverse sal jou help om die magte van die bose te oorkom.  
*Lees* Efesiërs 6:11, 16; Matteus 4:2-4.
2. Gememoriseerde Bybelverse sal jou help om 'n opregte, skoon en heilige lewe in 'n verdraaide en verdorwe wêreld te lei.  
*Lees* Psalm 119:9, 11.
3. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om God se antwoorde te gee op mense se vrae.  
*Lees* Matteus 19:3-6; Lukas 10:25-26.
4. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om vals leerstellings bloot te lê en te weerlê.  
*Lees* Matteus 22:23-33, 41-46.
5. Gememoriseerde Bybelverse sal jou in staat stel om Bybelse oortuigings en gewoontes in jou familie op te bou.  
*Lees* Deuteronomium 6:4-9.
6. Gememoriseerde Bybelverse sal jou onderrig gesaghebbend en verstandig maak.  
*Lees* Matteus 5:27-28; 7:28-29; Kolossense 3:16.
7. Gememoriseerde Bybelverse sal dit wat jy skryf en verkondig oor die Bybel kragtig maak.  
*Lees* Jeremia 23:29; Hebreërs 4:12; 2 Korintiërs 10:3-5.
8. Gememoriseerde Bybelverse sal jou help om met vrymoedigheid te bid volgens God se wil soos dit in die Bybel geopenbaar is.  
*Lees* Genesis 32:9-12; Eksodus 32:9-14.

### B. METODE OM OOR BYBELVERSE TE MEDITEER

Christelike meditasie bestaan uit die volgende vier dele:

#### 1. Dink na.

*Dink na* oor die betekenis van die verskillende woorde. Vra jouself vrae soos: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom? Hoe?

#### 2. Bid.

*Bid* tot God terwyl jy nadink en vra Hom wat Hy vir jou wil sê. Gesels met God oor die betekenis van die waarhede en die moontlike toepassings daarvan. Reageer dan op dit wat God vir jou sê.

#### 3. Bring in verband.

*Bring* die waarhede in die Bybelverse in verband met jou persoonlike lewe of met die wêreld waarin jy leef. Vra jouself die volgende vrae: “Wat is my nood/behoefte in die lig van hierdie vers?” “Watter waarheid vernuwe my of versterk my?” Wat wil God hê dat ek moet *weet of glo of wees of doen?*”

#### 4. Skryf.

*Skryf* die belangrikste gedagtes van jou meditasie in jou notaboek.

### C. METODE VAN MEMORISERING VAN BYBELVERSE

Memoriserings van verse (hoofstukke of boeke) van die Bybel het die volgende dele:

1. Kies 'n stelsel wat jy wil gebruik vir memorisering van Bybelverse: kaartjies in 'n kaarthouer of 'n notaboekie
2. Mediteer en verstaan die Bybelverse vóór jy dit memoriseer.
3. Skryf die Bybelverse soos volg op 'n blanko kaartjie of op 'n bladsy van jou notaboekie:
  - Skryf die onderwerp of titel waaroor die Bybelverse gaan op die eerste reël.
  - Skryf die Bybelverwysing van die vers op die tweede reël.
  - Trek 'n streep en skryf dan onderaan die woorde van die Bybelverse reël vir reël neer.
  - Skryf dan weer die Bybelverwysing van die vers onderaan die bladsy en op die agterkant van die kaart.

(1)

Byvoorbeeld:

Versekering van verlossing Johannes 10:28
Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Johannes 10:28

Johannes 10:28
----------------

#### 4. Memoriseer die Bybelvers op die regte manier.

- BEGIN altyd met die opskrif of onderwerp, die Bybelverwysing en die eerste reël van die Bybelvers.
- AS jy dit sonder foute kan weergee, VOEG dan die tweede reël van die Bybelvers BY en HERHAAL DIT VAN DIE BEGIN AF, m.a.w., die onderwerp, die verwysing en dan die eerste twee reëls van die vers.
- AS jy dit sonder foute kan weergee, VOEG dan die derde reël van die Bybelvers BY en HERHAAL DIT VAN DIE BEGIN AF, m.a.w., die onderwerp, die verwysing en dan die eerste drie reëls van die vers.
- Gaan so voort totdat die hele vers klaar gememoriseer is. Moenie die Bybelvers in gedeeltes probeer memoriseer nie, want dan memoriseer jy nie die verbinding tussen die verskillende dele nie. Begin altyd van die begin af as jy die vers herhaal.
- EINDIG altyd deur die Bybelverwysing wéér te herhaal, want die Bybelverwysing is die moeilikste deel om te onthou.

M.a.w., die korrekte volgorde vir Bybelmemoriserings is:

- die opskrif
- die Bybelverwysing
- die woorde van die Bybelvers
- en weer die Bybelverwysing

### D. METODE VIR HERSIENING VAN GEMEMORISEERDE BYBELVERSE

Die hersiening van vroeër gememoriseerde verse word só gedoen:

#### 1. Mondelinge herhaling van die nuwe Bybelverse in jou memoriseringshouer.

“Herhaling/repetering van die nuwe Bybelverse” beteken dat jy die laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het minstens eenmaal per dag herhaal. Die herhaling van nuut geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle te onthou en noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom die laaste 5 memoriseringsverse uit jou memoriseringshouer minstens eenmaal per dag vir ’n tydperk van 5 weke. Dus, herhaal/repeteer jy elke nuut geleerde Bybelvers 35 maal voordat jy die Bybelvers van jou memoriseringshouer af oorplaas na jou memoriseringslêer.

#### 2. Mondelinge herhaling van die ou Bybelverse in jou memoriseringslêer

“Herhaling/repetering van die ou Bybelverse” beteken dat jy al jou ou Bybelverse in jou memoriseringslêer minstens elke 3 weke herhaal. Die herhaling/repetering van vroeër geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle nie te vergeet nie en steeds noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom 5 uit elke 100 ou memoriseringsverse uit jou memoriseringslêer minstens eenmaal per dag. Dus, herhaal jy al jou voorheen gememoriseerde Bybelverse een keer elke drie weke.

#### 3. Hou jou memoriseringshouer byderhand.

Plaas elke dag jou laaste 5 nuut gememoriseerde Bybelverse en 5 uit elke 100 vroeëre gememoriseerde Bybelverse in jou memoriseringshouer en hou dit die hele dag byderhand. Gebruik los tye wat jy moet wag of iewers heen moet ry as geleenthede om hulle te herhaal, daarvoor na te dink en daarvoor te bid.

#### 4. Kontroleer akkuraatheid.

Kontroleer jouself gereeld om vas te stel of jy die geleerde Bybelverse wel goed geleer het en nog korrek kan aanhaal. Kontroleer mekaar se 5 laaste geleerde Bybelverse twee-twee gedurende elke byeenkoms van die groep. Kontroleer of die ander persoon die onderwerp, die teksverwysing, die Bybelvers en die teksverwysing nog sonder ’n fout kan herhaal. Gee as wenk “die onderwerp”, of “die teksverwysing” of “die eerste reël van die Bybelvers”.

## E. LYS VAN GEMEMORISEERDE VERSE IN DIE DOTA KURSUS

<p>(A) <u>Christelike versekerings</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Sekerheid van verlossing: Johannes 10:28</li> <li>2. Sekerheid van gebedsbeantwoording: Johannes 16:24</li> <li>3. Sekerheid van oorwinning: 1 Korintiërs 10:13</li> <li>4. Sekerheid van vergifnis: 1 Johannes 1:9</li> <li>5. Sekerheid van God se leiding: Spreuke 3:5-6</li> </ol>	<p>(B) <u>Nuwe lewe in Christus</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Christus: 2 Korintiërs 5:17</li> <li>2. Woord: Matteus 4:4</li> <li>3. Gebed: Johannes 15:7</li> <li>4. Gemeenskap: 1 Johannes 1:7</li> <li>5. Getuienis: Matteus 10:32</li> </ol>
<p>(C) <u>Die evangelie</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Aard van sonde: Romeine 3:23</li> <li>2. Straf van sonde: Prediker 12:14</li> <li>3. Versoening van sonde: Romeine 5:8</li> <li>4. Verlossing is 'n geskenk: Efesiërs 2:8-9</li> <li>5. Verlossing deur geloof: Johannes 1:12</li> </ol>	<p>(D) <u>Dissipelskap</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Heerskappy: Romeine 12:1-2</li> <li>2. Selfverloëning: Lukas 9:23</li> <li>3. Diens: Markus 10:45</li> <li>4. Gee: 2 Korintiërs 9:6-7</li> <li>5. Dissipelmaking: Matteus 28:18-20</li> </ol>
<p>(E) <u>Christelike karakter</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Christus-gelykvormigheid: 2 Korintiërs 3:18</li> <li>2. Reinheid: 1 Petrus 2:11</li> <li>3. Liefde: Markus 12:30-31</li> <li>4. Geloof: Romeine 4:20-21</li> <li>5. Nederigheid: Filippense 2:3-4</li> </ol>	<p>(F) <u>Christelike voorbereiding vir die huwelik</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Albei gelowiges: 2 Korintiërs 6:14</li> <li>2. Selfde lewensdoel: Amos 3:3</li> <li>3. Selfbeheersing: 1 Tessalonisense 4:3-5</li> <li>4. Regte tydsberekening: Prediker 8:5b-6a</li> <li>5. Regte prioriteite: Matteus 6:33</li> </ol>
<p>(G) <u>Christelike huwelik</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verlaat en heg: Genesis 2:24</li> <li>2. Liefhê en lei: Efesiërs 5:23,25</li> <li>3. Liefhê en onderwerp: Titus 2:4-5</li> <li>4. Konflikhantering: Matteus 5:23-24</li> <li>5. Bly getrou: Spreuke 3:3-4</li> </ol>	<p>(H) <u>Christelike ouerskap</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Liefhê deur te spaar. 2 Korintiërs 12:14b-15a</li> <li>2. Ontwikkel alle terreine. Spreuke 22:6</li> <li>3. Leer God se Woord. Deuteronomium 6:6-7</li> <li>4. Voed op in die Here: Efesiërs 6:4</li> <li>5. Liefhê deur tug. Spreuke 13:</li> </ol>
<p>(I) <u>Die koninkryk van God</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ingang in die koninkryk: Johannes 3:3,5</li> <li>2. Verwelkom kinders in die koninkryk: Lukas 18:16-17</li> <li>3. Verkondig die evangelie van die koninkryk: Matteus 24:14</li> <li>4. Kyk nooit terug by diens in die koninkryk: Lukas 9:62</li> <li>5. Die triomf van die koninkryk: Daniël 2:44</li> </ol>	<p>(J) <u>Die Christelike Kerk</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Die karakter van die Kerk: 1 Petrus 2:5</li> <li>2. Die aktiwiteite in die Kerk: Handeling 2:42</li> <li>3. Die bedienings van die Kerk: Efesiërs 4:12-13</li> <li>4. Die take van Kerkleiers: Handeling 20:28</li> <li>5. Die eer in die Kerk: Efesiërs 3:20-21</li> </ol>
<p>(K) <u>God se grootheid</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. God is onvergelyklik: Jesaja 40:25-26</li> <li>2. God is glorieryk: 1 Kronieke 29:11</li> <li>3. God is soewerein: Efesiërs 1:11-12</li> <li>4. God is alwetend: Hebreërs 4:13</li> <li>5. God is almagtig: Jeremia 32:17</li> </ol>	<p>(L) <u>God se bronne</u></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. God se teenwoordigheid: Hebreërs 13:5-6</li> <li>2. God se Woord: Psalm 119:105</li> <li>3. God se krag: Jesaja 41:10</li> <li>4. God se wysheid: Jakobus 1:5</li> <li>5. God se genesing: 2 Kronieke 7:14</li> </ol>